



Kuier al om die Blyderiviercanyon


Jy kan oral op die Panoramaroete jou kamera in enige rigting mik en die knoppie inhou. Die kans is goed dat jy 'n mooi foto neem, want dis waterval- en uitsigwêreld dié. Hier's jou ses dae lange reisgids wat al die ikoniese kolle (en pannekoek-eetplekke) in en om die Blyderiviercanyon insluit.

WOORDE EN FOTO'S FRANCOIS HAASBROEK,
TABBY MITTINS EN VILLIERS STEYN



WAT GAAN EK SIEN?

SABIE
GRASKOP
MAC-MAC-POELE
PINNACLE
GOD'S WINDOW
WONDERVIEW
DRIE RONDWELS
BOURKE'S LUCK-KOLKGATE
BLYDERIVIERCANYON
ABEL ERASMUS-PAS
PELGRIMSRUS



In die noorde van Mpumalanga val die Hoëveld met 'n massiewe kilometer lange trap tot in die Laeveld. Die dorpies Sabie en Graskop, waar die Panoramaroete begin, kry baie meer reën as hulle buurdorpe onder in die Laeveld. Al dié reën en die kranse sorg vir watervalle en uitsigte by dosyne!

Verder noord beur die Blyderivier dié plato-rand oop en vorm die grootste canyon in Suid-Afrika. (As dit nie vir die Visriviercanyon in Namibië was nie, was dit die grootste canyon in die ganse Afrika.)

Daarna swenk ons binneland toe, verby Ohrigstad (ja, hier's 'n paar lekker stilhouplekke) tot by 'n ou gunsteling, Pelgrimsrus.

Las 'n paar dae vir die 200km lange Panoramaroete by volgende keer as jy Krugerwildtuin toe gaan. En koop tog 'n pakkie kougom, want anders gaan jou mond heelpad oophang.

DAG 1 Sabie

Maak 'n draai by die inligtingskantoor in die hoofstraat sodra jy op Sabie aankom.

Koop hier GeoGraphic se Panorama Tourist Map (R50) – dis die volledigste kaart van die Panoramaroete.

Jy's nou in watervalwêreld. Voordat jy egter agter die sproei aan ry, stop eers by die Spar en maak 'n piekniekmandjie vol. Ry 8 km uit op die Ou Lydenburg-pad tot by die **LONE CREEK-WATERVAL** – dis die mooiste waterval diékant van Sabie en val 70m ver ondertoe. Die paadjie van die parkeerplek af tot by die waterval loop deur 'n reënwood. Hou piekniek op die klippies-strand langs die waterval of by die piekniekplek langs die parkeerplek.

Draai terug dorp toe en stop by die **BRIDAL VEIL-WATERVAL** op dieselfde pad. Bridal Veil is

net so hoog soos Lone Creek, maar tuimel met heelwat minder fanfare oor die afgrond. Teen die tyd dat dit die onderste poel bereik, is dit net 'n ligte miswolkie.

Bestel terug op die dorp 'n gevulde pannekoek of potjiekos vir middagete by die **SMOKEY TRAIN DINER** in Negende Laan; dis 'n treinwa wat in 'n retro eetsalon omskep is. Trouens, maak jou gereed om die volgende paar dae 'n oormaat pannekoek te eet – dis stapelvoedsel hier in die Hoëveld.

Buiten watervalle en pannekoek is forel ook volop in die omgewing. Jy het nog nooit gehengel nie? Mik na die **HORSE SHOE TROUT & ABOUT** (weer op die Ou Lydenburgpad) vir 'n uur of twee. Hier staan vlieghengelaars wat hulle lyne vernuftig deur die lug swaai, langs kniehoogte laaities wat vir die eerste keer 'n visstok vashou. Jy kan visstokke, aas en die hele boksemdaais huur. Trek 'n vis uit vir vanaand se kole of gooi hom terug. (Toegang: vanaf R50 p.p.; R20 vir kinders jonger as 10 jaar).

Kom klink 'n glasie op jou (amper) vangs by die **SABIE BREWING COMPANY** in die hoofstraat. Gaan op 'n brouerytoer (R100 p.p.) en ontdek saam met die broumeester Shaun McCartney hoe egte boetiekbier ontstaan: van graan tot glas. Dit sluit 'n proebord met ses boetiekbiers in (besprekings vooraf is noodsaaklik).

Vir aandete kan julle gerus die mezzewildsvleisproebord van **THE WILD FIG TREE-RESTAURANT** in Trichardtstraat bestel – dit bestaan uit krokodil- en rooiboksosaties en vlakvarkcarpaccio (R145).

WEET VOOR JY WAAI

HORSE SHOE TROUT & ABOUT ☎ 013 764 2682;

📍 bigskyoutdoor.co.za

SABIE BREWING COMPANY ☎ 013 764 1005;

📍 www.sabiebrewery.com

SABIE-TOERISMEKANTOOR ☎ 013 764 1177;

📍 sabie.co.za

SMOKEY TRAIN DINER ☎ 013 764 3445;

📍 smokeytraindiner.co.za

THE WILD FIG TREE RESTAURANT ☎ 013 764 2239



BLY HIER

By die **SABIE RIVER CAMP** kan jy op die houtdek sit en kyk hoe die kinders op binnebande op die rivier dobber. Hier is 'n kampterrein met grasperke, safaritente met gemeenskaplike ablusies en kuierplek, en luukser en suite-safaritente met selfsorggeriewe.

Waar? Net noord van die dorp naby die Sabie-waterval. **Koste** Kamp vanaf R110 p.p.p.n.; selfsorgsafaritente vanaf R450 p.n. vir vier mense; luukse selfsorgsafaritente R700 p.n. vir vier mense.

Kontak ☎ 013 764 3282; 📍 sabierivercamp.co.za



Kamp by die **MERRY PEBBLES-OORD** of bly in 'n selfsorghuisie teen die rivier. Wees gewaarsku: Jy kuier dalk so lekker hier onder die bome dat jy skaars die oord verlaat. Hier's alles: 'n restaurant, drankwinkel, OTM, swembaddens, speelark...

Waar? Net wes van die dorp op die Ou Lydenburgpad.

Koste Kamp vanaf R130 p.p.p.n. (R70 vir kinders); oopplanselfsorgcabanas vanaf R850 p.n. vir vier mense; selfsorghuisies vanaf R1300 p.n. vir vier mense; selfsorgchalets vanaf R1800 vir ses mense.

Kontak ☎ 013 764 2266; 📍 merrypebbles.co.za >



VIR DIE AVONTUURVATE

Verken Sabie se klowe, woude, grotte en riviere saam met **KESTELL ADVENTURES**: Woud-uitstappie (R220 p.p.), grotkruip (R220 p.p.), abseil (R220 p.p.), kloofing (R350 p.p.) en binnebandry (R350 p.p.). **Kontak** ☎ 072 351 5553; 📍 kestelladventures.com

As jy hou van spoed, zoem en skree, gly vir sowat drie minute op 'n 1,7 km lange spoor (jy sit op 'n stoeltjie met 'n handvat) saam met **LONG TOM TOBOGGAN** by die Misty Mountain Hotel (R250 p.p.). **Kontak** ☎ 073 375 1817

VAT 'N MOOI OMPAD

Ry van die Misty Mountain Hotel af met die **LONG TOM-PAS** tussen Sabie and Lydenburg vir mooi uitsigte oor die Sabievlei. Dié pas is genoem na Long Tom, 'n 155 mm-Creusot-kanon wat in die Anglo-Boereoorlog gebruik is. 'n Replika van die kanon kan op die pas gesien word (GPS: S25.16355 E30.67947). Wees geduldig: Baie myntrokke gebruik hierdie roete.



DAG 2 Graskop

Vandag sien jy waar die roete se naam vandaan kom! Graskop is op die platorand wat die Hoëveld van die Laeveld skei. En wat is volop op 'n platorand? Uitkykpunte (en om een of ander rede pannekoeke).

Begin egter eers jou dag met 'n stewige Woodsman Breakfast (R56) by **THE WOODSMAN-RESTAURANT** op Sabie, een van die min eetplekke wat reeds van 7 vm. af oop is.

Ry noord op die R532 in die rigting van Graskop en draai ná sowat 11 km af na die **MAC-MAC-POELE**. Dis gewoonlik stil in die oggende en hier's 'n groot piekniekplek onder die bome. Onthou om sonbrandolie en jou baaibroek in te pak – hier is lekker plasplek.

'n Kilometer verder noord is die **MAC-MAC-WATERVAL** – seker die bekendste waterval in die omgewing. Hier tuimel twee strome 65 m na onder teen die kranse af. Dit was eers net een stroom, maar die goudelwers van ouds het 'n swaar hand gehad met die plofstof... Die waterval kry dan ook sy naam van dié delwers af. Die meeste van hulle was Skotte wie se van met 'n "Mac" begin het.

Tyd vir nog pannekoek! Loer in by die legendariese **HARRIE'S PANCAKES** in Louis Trichardt-laan voordat jy die pad noord vat uit Graskop.



Draai net buite die dorp regs op die R534. Dis 'n 15 km-omrit wat al langs die platorand loop, en die beste uitkykpunte is langs hierdie pad. Stop by die **PINNACLE**-, **GOD'S WINDOW**- en **WONDERVIEW-UITKYKPUNT**.


By die Pinnacle-uitkykpunt strek 'n groot rotsformasie langs die afgrond die lug in en 'n waterval val die dieptes in.

God's Window is die wydste uitkykpunt langs dié roete – dis eintlik verskeie uitkykpunte – jy stap op 'n kort wandelpaadjie tussen die uitkykdekke. Op 'n helder dag sien jy tot in die Krugerwildtuin sowat 40 km weg! Hier is 'n markie en 'n piekniekplek by die parkeerterrein.

As jy nog nie op gewaterval is nie, kan jy op pad terug na Graskop na die twee hoogstes langs die Panoramaroete gaan kyk. Waar die R534 weer by die R532 aansluit, draai jy regs na die **BERLYN-WATERVAL** (80 m) of links na die **LISBON-WATERVAL** (92 m), die hoogste waterval in Mpumalanga.

Lus om 'n bietjie te swem in die water waarna jy al heeldag kyk? Ry stadig, want hier's 'n versteekte swemgat net links van waar die R532 die Lisbonrivier kruis waar die boorlinge van die kontrei gereeld kom plas. Dis nie gemerk nie; stop sowat 250 m voor die brug (S24.86345 E30.84471) en stap rivier toe.

Terug op Graskop kan jy net soos 'n waterval van die platorand af val by **THE BIG SWING** suid



van die dorp. Swaai van die platform af die diep kloof in (R350 p.p.) of vlie' oor die kloof op 'n 135 m lange foefieslaaid (R100 p.p.) of sit rustig in die kroeg langs die afgrond en luister na die ander se gille tewyl die son sak.

Geniet tradisionele bobotie (R92) of pan-gebraaide forel (R98) by **THE GLASS HOUSE RESTAURANT** in Louis Trichardtlaan (bespreek eers vooraf).

WEET VOOR JY WAAI

BIG SWING ☎ 072 223 8155; 🌐 bigswing.co.za

GRASKOP-TOERISME ☎ 013 767 1886; 🌐 graskop.co.za

HARRIE'S PANCAKES ☎ 013 767 1273;

📧 harriescakes@mweb.co.za

THE GLASS HOUSE RESTAURANT ☎ 082 948 7776

THE WOODSMAN ☎ 013 764 2015;

🌐 thewoodsman.co.za



BLY HIER

Die drie selfsorg-houtrondawels van die **LISBON HIDE-AWAY** langs 'n rivier het elkeen plek vir vier volwassenes en twee kinders. Die uitsigte oor die plantasies is mooi en die grasperk groot en groen.

Waar? Dis sowat 8 km noord van Graskop – jy draai van die R532 af.

Koste Vanaf R720 p.n. vir twee mense (R200 p.p.n. ekstra)

Kontak ☎ 083 438 2714; 🌐 lisbonhideaway.co.za

Die **AUTUMN BREEZE B&B** in Louis Trichardtlaan is stapafstand van Harrie's Pancakes en 'n klomp ander eet-plekke en winkeltjies. Hier's ook 'n selfsorgeenheid vir 'n gesin met twee kinders (R1 335 p.n. vir twee volwassenes en twee kinders tussen 3 en 12 jaar).

Koste Vanaf R840 p.n. vir twee (B&O).


Kontak ☎ 076 089 8542; 🌐 autumnbreezemanor.co.za

Die **PANORAMA CHAETS AND REST CAMP** is op die randjie van die afgrond, en daar's 'n swembad met waar-skylik die mooiste uitsig in die noorde.

Waar? Net suid van die dorp op die R533.

Koste Kamp vanaf R140 p.p.p.n.; selfsorgverblyf vanaf R630 p.n. (slaapplek vir drie mense).

Kontak ☎ 061 460 1832; 🌐 panoramaviewchalets.co.za >





POTLUCK BOSKOMBUIS

SAWWEYF IN DIE LAEVELD

Ernstige koffiedrinkers kan gerus 'n draai maak by die **AUSTRIAN COFFEE ESTATE**. Die afdraai na dié koffieplaas lê 26 km buite Graskop op die R533, die Bosbokrandpad.

Bespreek 'n halfuur lange koffietoer (R80) enige tyd tussen 9.30 vm. en 4 nm. en sien presies hoeveel werk vat dit om 'n koffieboon in 'n koppie koffie te verander. Jy kan onder meer organiese Arabica-koffie koop (R200 per kilogram) en 'n sny *sacher-torte* (Oostenrykse sjokoladekoek, R30) saam met jou koffie (ingesluit by die toer) geniet. ☎ 083 306 4908



DAG 3

Blyderiviercanyon

Eet 'n ligte ontbyt by jou blyplek of mik vir een van die ander pannekoekplekke (!) in Louis Trichardtlaan. Maar moet dit nie oordoen nie, want jy gaan later vandag ook lekker eet.

Klim op die R532 noord. Wees ná sowat 27 km op die uitkyk vir die **TRICHARDT-POTGIETER-MONUMENT**. Dis niks watwonders nie, maar dis 'n goeie baken, want minder as 'n kilometer verder draai jy regs na die **POTLUCK BOSKOMBUIS**. Dis maklik om verby dié afdraai (S24.93186 E30.84213) te ry en jy wil nie die kuierplek langs die Treurriver misloop nie.

Die Boskombuis is die soort plek waar 'n mens heeldag kan uithang. Kom kry jou sit op houtstomp op die rietdakstoep – hier tol die braaivleisvure al van vroegdag af somer so tussen die tafels. Die kinders kan in die vlak water van die rivier plas terwyl julle na die klipkoppies en die spyskaart kyk: onder meer pap en wors, T-beensteak, hoendersosaties, potjiekos en selfs 'n vegetariese gereg.

Sowat 5 km hiervandaan is die samevloeiing van die Treur- en Blyderivier, en jy kan uiteinde-lik jou eie foto neem van die bekende **BOURKE'S LUCK-KOLKGATE**. Die twee riviere het oor die eeue heen groot ronde gate in die sandsteen doer onder in die kloof gekerf.

Hier is sementvoetpaadjies en bruggies oor die rivier wat dit maklik maak om te verken,

asook piekniekplek en 'n kiosk by die parkeerterrein. Van hier af druk die Blyderiviercanyon die pad weg van die platorand binneland toe.

By die laaste twee uitkykpunte (die Drie Rondawels en Blyderiviercanyon) voor die Forever Resorts Blyde Canyon sien jy die canyon vir die eerste keer ordentlik. Sowat 500m onder jou kronkel die rivier in 'n paar hengele donker-grys hoefysters tussen die koppe deur in die rigting van die Blydepoortdam.

Laatmiddag kan jy 'n vleisie braai by jou selfsorghuise in die Forever Resort en kyk hoe die son sy ding doen bo die koppe en dié dam. Die oord se Kadisi-restaurant bedien ook elke aand 'n buffet-ete (R160), óf jy kan enigiets van 'n hamburger tot 'n kruisskyf van die á la carte-spyskaart af bestel.

WEET VOOR JY WAAI

POTLUCK BOSKOMBUIS ☎ 073 705 4734




BLY HIER

Die **FOREVER RESORTS BLYDE CANYON** het kamp-plekke, selfsorghuise en -chalets. Hier is ook 'n winkel, speelplek, en swembad. Dis die soort plek waar gesinne weke lank uitspan.

Waar? 51 km noord van Graskop op die R532.

Koste Kamp vanaf R160 p.n. per staanplek en R65 p.p.p.n.; selfsorgchalets vanaf R1 100 p.n. (vir vier mense).


Kontak ☎ 0861 22 69 66; 🌐 foreverblydecanyon.co.za >



PENNY CRONJE

BLYDEPOORTDAM





BLYDEPOORTDAM

DAG 4 Blyderiviercanyon

Dié boomryke oord is teen 'n helling en amper al die huisies het 'n uitsig oor die rand van die eskarp. In die verte sien jy die Drie Rondawels en as jy na een van die twee uitkykpunte stap, het jy 'n mooi uitsig oor die Blydepoortdam.

Die oord is groot – hier's oorgenoeg rondholplek vir die kinders en jy kan rustig in die strate wandel. En die chalets is ver genoeg van mekaar af dat jy net alleen kan sit en boeklees as jy wil.

Die versoeking is groot om net hier handrem op te trek en jou dae te verwyd onder die koeltebome terwyl die kinders op hulle fietse ry, swem, perdry...

Jy kan nie van die oord af te voet by die Blydepoortdam uitkom nie. Jy kan net soontoe ry. Dit is 'n henge ompad van sowat 180 km uit en tuis tot by die Swadini-oord wat teen die dam aan die voet van die canyon lê. Jy ry in die rigting van Ohrigstad en draai dan af na Hoedspruit oor die ABEL ERASMUS-PAS.

Dis 'n mooi stuk pad. As jy nie die hele



pad wil ry nie, ry dan ten minste tot by die J.G. STRIJDOM-TONNEL – dis net 42 km soontoe. Hou stil by die parkeerplek en snuister deur die markie vir 'n handgekerfde slaabak of 'n kliprenoster. En ja, hier's nóg 'n waterval om af te neem.

As jy al die pad tot by Swadini ry, stop by die MAD DOGZ CAFÉ 14 km anderkant die tunnel vir lamskerrie (R95) of gerookteforelpatee (R45).

WEET VOOR JY WAAI

FOREVER RESORTS SWADINI ☎ 015 795 5141;

📧 foreverswadini.co.za

MAD DOGZ CAFÉ ☎ 015 795 5114;

📧 bluecottages.co.za/mad-dogz-cafe

DAG 5 Ohrigstad

Vandag draai jy jou voertuig se neus wes na die hinterland bo op die plato: Welkom in plaaswêreld. Hier word geboer met onder meer mielies, vrugte en paprika.

Stop sowat 20 km van Forever Resorts Blyde Canyon af by EMMIE'S KOMBUIS, 'n padstalletjie net voor die T-aansluiting met die R36. Dis pure padstal met rakke ingelede vrugte, tuisgebakte beskuit, konfyt en koekies en 'n Jack Russell wat lê en snork onder 'n houtbankie met 'n Coke-sambreel.

Draai links na Ohrigstad by die T-aansluiting. Verder suid met die R36 is THE SHOE-GASTEHUIS. Binne-in die hengse skoen is 'n, wel, "eiesoortige" kunsversameling deur die eienaar Ron van Zyl. Alles van Jesus op die kruis tot 'n kaal vrou op 'n vlakvark.

Jy kan ook saam met Ron of een van sy kinders stap deur 'n reeks mensgemaakte grotte onder die skoen. Die grotmure is versier met tonele uit die Bybel. Hier is selfs 'n ondergrondse kapel waar troues gehou kan word.

Hier gebeur nie veel op Ohrigstad nie, maar stop by TIEZERS VLEISSPENS net voor jy die dorp binnery vir 'n burger, geroosterde toebroodjie of 'n sny vars koek. Sosaties met 'n tuisgemaakte kerriesous is een van die slaghuis-



OHRIGSTADDAM



THE SHOE-GASTEHUIS

gunsteling, maar jy kan ook biltong, geroekte *Russians* en 'n string ander vleiserasies hier koop. En moenie ry sonder 'n botteltjie gemmerbier nie!

Presies 11 km anderkant Ohrigstad lê die **PURE PLAAS-AALWYNKWEKERY** op jou regterkant. Hulle is elke dag oop van 9.30vm. tot 3.30nm., maar as dit lyk asof hier niemand is nie, bel vir Amanda Brits (073 261 4793).

Van Mei tot Julie blom 'n verskeidenheid aalwyne hier, en selfs al koop jy nie van die plante nie, is jy welkom om jou kamera saam te bring om suikerbekkies, wiewale en ander nektarvreters te kom afneem. Elke Vrydag bak hulle vars pannekoekie en gevulde oliebolle – durf jy dit misloop?

As jy 'n tent ingepak het, draai af van die R36 op die R533 na Pelgrimsrus en dan weer regs na jou slaapplek vir die aand – die onderkatte **OHRIGSTADDAM-NATUURRESERVAAT**. Die geriewe is basies maar netjies. Jy kamp bykans teen die water en jy kan visvang terwyl renosters op die velde langs jou wei. As julle nie kamp nie, skiet reguit deur Pelgrimsrus toe. Dit is net 23 km se ry oor die Roverspas.

Eet aandete by **THE LAMB AND ALE** op Ohrigstad, waar jy enigiets van pizza tot tradisionele beesstertpotjie of eisbein kan bestel.

WEET VOOR JY WAAI

EMMIE'S KOMBUIS 072 678 8133

TIEZERS VLEISSPENS 013 238 0461

THE LAMB AND ALE 013 238 0503



BLY HIER

THE SHOE-GASTEHUIS se vier selfsorgkliphuisies (slaapplek vir tot 6 mense) is teen die voet van die berg. Daar is ook vier selfsorgeenhede by die plaashuis (slaapplek vir tot 7 mense).

Waar? 22 km noord van Ohrigstad.

Koste Vanaf R240 p.p.n.

Kontak 013 238 0304; theshoe.org

Die **OHRIGSTADDAM-NATUURRESERVAAT** is een van die groot verrassings op die roete. Die roete is met goeie rede 'n toeristetrekpleister en dinge kan bedrywig raak, maar hier is dit doodstil. Jy kan geelvis, katvis en karp vang vir die vuur – pasop net vir die seekoeie. Renosters drink water by die dam wanneer die son sak.

GPS S24.95501 E30.63089

Koste R60 p.n. per tent. Reserwaattoegang: R25 p.p.

Kontak 013 238 0302; 082 808 3272 >



PURE PLAAS

HOU DIÉ IN GEDAGTE

• **Pak gemaklike skoene.** Dis lekker om die dorpie te voet te verken.

• **Bespreek vooruit!** Dit geld vir blyplekke, aktiwiteite en restaurante.

• Hou altyd 'n paar R10- en R20-note byderhand vir toegang tot die watervalle en poele.

• Die meeste uitkykpunte lê oos van die roete en is dus op hulle mooiste in die laatmiddag.

• **Vat jou tyd.** Alles is so na aan mekaar dat jy nooit hoef te jaag nie.



DAG 6 Pelgrimsrus

Slaap 'n aand oor op Pelgrimsrus – dis nie aldag dat 'n mens in 'n Western kan bly nie.

Dié delwersdorpie het ontstaan toe Alex Patterson in 1873 goud hier ontdek het. In 1971 is die laaste minerale gemyn en teen 1984 is die dorp tot 'n provinsiale erfenisgebied verklaar.

Vat net die teerpaaie en die FJ Cruisers weg

WEG SE GUNSTELINGE

- Potluck Boskombuis
- Mac-Mac-poele
- Lone Creek-waterval
- Sabie Brewing Company
- Harrie's Pancakes



en sit 'n Ennio Morricone-klankbaan by (*The Good, the Bad and the Ugly, The Hateful Eight...*). Dis nog net Clint Eastwood wat kort.

Koop 'n museumkaartjie (R20 gee jou toegang tot 5 spesifieke museums) by die inligtingskantoor in die bodorp en stap af na die Dredzen General Dealer – die Tygervallei of Menlyn van die vroeë 1900's. Die winkel (wat alles van bloese en fietse tot seep en koekies verkoop het) en huisie met al sy kamers aan die agterkant is goed bewaar. Selfs die petrolstasie lyk asof dit uit 'n ander era kom.

Eet middagete by **THE VINE-RESTAURANT** – hulle Digger's Stew (R69) is uit die boonste rak. Sit onder die bome vir die res van die middag en teug aan jou drankie terwyl jy na die eenaar, Johnny Rheinders, se stories luister. Hou ook 'n oog oop vir sy hond. Hy is trots daarop dat hulle die lelikste hond in die land het. Net soos die einste Eastwood se karakter in *The Good, the Bad and the Ugly* het dié brak ook nie 'n naam nie.

Bespreek 'n uur lange goudsiftingsuitstappie (jy mag al die goudvlokkies wat jy kry, hou!) of 'n Ghostie Tour (albei Brummer Tours, R165 vir volwassenes of R85 vir kinders onder 12 jaar). Op dié spooktoer soek jy na "buitengewone aktiwiteit" by die Alanglade House Museum en Robber's Grave in die begraafplaas.

Sluit jou toer af met 'n buffet-aandete by die Royal Hotel se restaurant (R150).

WEET VOOR JY WAAI

BRUMMER TOURS ☎ 082 522 1958

(besoek die inligtingskantoor)

PELGRIMSRUS-TOERISME ☎ 013 768 1060;

📧 pilgrimsrest.org.za

THE VINE ☎ 013 768 1080



BLY HIER

Die **ROYAL HOTEL** is soos die res van die dorpie versier soos dit sou gelyk het meer as 'n eeu gelede. Selfs die personeel is aangetrek in swart-en-wit, kompleet met kappies en keile op die kop.

Waar? Hoofstraat, aan die suidekant van die dorp.

Koste Vanaf R470 p.p.n. wat deel (ontbyt ingesluit).

Kontak ☎ 013 768 1100

As jy nie op **PELGRIMSRUS** – wat bedrywig kan raak – wil bly nie, oorweeg die Forever Resorts Mount Sheba. Die oord word omring deur 'n reënwood en groen heuwels. Kom verken die woude of trek 'n forel uit.

Waar? 20 km wes van Pelgrimsrus op die R533.

Koste Vanaf R1 610 p.n. vir twee mense (met ontbyt en aandete). 'n Mens kan ook hier kamp: hier is 10 staanplekke sonder krag en 'n basiese ablusieblok. 'n Staanplek kos R220 p.n. vir 2 mense, en dan R55 p.p.n. ekstra.

Kontak ☎ 013 768 1241; 📧 mount-sheba.co.za